Dokument afgelaai by http://www.scriptura.co.za

Dokument mag gepubliseer word, mits die inhoud nie verander word nie. Gee egter ook erkenning aan die skrywer en meld dat die artikel afgelaai is by www.scriptura.co.za.

Vir enige veranderinge, kontak asseblief die skrywer

Of e-pos:

info@scriptura.co.za

Kategete Toerusting

GK Bethlehem

Januarie 2015

1. Godsdiensonderwys

Katkisasie is Godsdiensonderwys. Die doel van kategese is om die lidmate van die kerk in die geloof te laat groei tot so ‘n mate dat hulle selfstandig vas kan staan teen die aanslae van die wêreld. Verder, is die doel van kategese ook om dooplidmate tot geloofsvolwassenheid te bring, sodat hulle belydenis kan aflê en sodoende des te meer deel word van die stryd tussen waarheid en dwaling. Die uiteindelike doel van kategese is om die katkisant in staat te stel om self te

i) *Verstaan*
ii) *Onderhou en*
iii) *Leer*

Dit is dus ‘n groot verantwoordelik wat die kerk (en die kategeet!) dra. Tog is dit ten eerste die ouers wat daarvoor verantwoordelik is om die ware leer aan die kinders oor te dra, sodat dit deur die geslagte bewaar kan bly (ouers beloof dit immers wanneer hulle *ja* antwoord tydens die doop van hul kind/ers!).

2. Kategese is toegepaste Bybelkennis

Katkisasie kan daarom nie blote Bybelkennis wees nie, maar is eerder effektiewe, *praktiese toepassing* van Bybelkennis in die daaglikse lewe. Kategese is dus **toegepaste Bybelkennis**, en moet daarom ook relevant wees vir die kinders binne hulle daaglikse lewensomstandighede. U kan sien, dat geestelike groei baie belangriker is as intellektuele groei, alhoewel laasgenoemde hoegenaamd nooit afgeskeep mag word nie.

3. Die karakter van die kategeet

"...en jy ken sy wil en onderskei die dinge waar dit op aankom, omdat jy uit die wet onderrig word, en jy is oortuig dat jy 'n leidsman is van blindes, 'n lig vir die wat in duisternis is, 'n opvoeder van onverstandiges, 'n leermeester van onervarenes, omdat jy die beliggaming van die kennis en die waarheid in die wet het; jy dan, wat 'n ander leer, leer jy jouself nie?" (Rom 2:18-21)

Die kategeet moet meer wees as net 'n bekwame onderwyser/es. Hy/sy moet 'n bekwame dienskneg in die koninkryk van God wees. Die kategeet begin die onderrigtingsproses wanneer hyself eers leef as *hoorder* en *onderhouer* van die Woord, en daarna as *onderwyser* van die Woord. Kategese begin nie wanneer die kategeet sy mond in die klas oopmaak nie, maar eerder wanneer hy buite die klaskamer aktief deel is van God Koninkryk. Die kategeet moet lei en leer deur sy eie voorbeeld.

Uiteindelik word die katkisant in so 'n mate toegerus dat hy in staat is om as ware Christen uiting te gee aan sy lewensdoel. Vir elkeen wat reeds gekatkiseer is, is hierdie ook 'n sterk oproep om self eers te luister, te onderhou en ook te leer. Elke Christen in God se Koninkryk is 'n kategeet vir iemand anders, maar bly altyd 'n 'katkisant van God self' (Matt 28).

4. Selfstudie

Gaan lees en bestudeer die volgende teksgedeeltes wat handel oor Bybelse onderrig en ons verantwoordelikheid teenoor die kinders:

- Deuteronomium 6
- Psalm 78:1-8
- 1 Korintiërs 2

G. Marnix Boersema